## PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING WET, NR. 6 VAN 2004:
## VOORLOPIGE BESLUIT VIR DIE HEFFING VAN EIENDOMSBELASTING

**FIN NR. 013 VAN 2021** **Datum: 10 April 2021**

## GEORGE MUNISIPALITEIT

### A. VOORLOPIGE BESLUIT VIR DIE HEFFING VAN EIENDOMSBELASTING VIR DIE BOEKJAAR 1 JULIE 2021 TOT 30 JUNIE 2022

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 14 (1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting 2004, dat tydens die vergadering van 31 Maart 2021, die Raad die besluit geneem het soos per Raadsitem nommer 4.2, om belasting op eiendomme te hef volgens die onderstaande skedule met ingang van 1 Julie 2021.

*Belasting word met 6% verhoog.

| Kategorie van eiendom | Sent in die Rand bedrag vasgestel vir die betrokke eiendom kategorie |
|---|---|
| Residensiële eiendom | 1: 0.007610 |
| Besigheid en Kommersiële eiendom | 1: 0.010737 |
| Industriële eiendom | 1: 0.010737 |
| Mynbou eiendom | 1: 0.010737 |
| Landbou eiendom | 1: 0.001903 |
| Openbare Dienste Infrastruktuur eiendom (PSI) | 1: 0.001903 |
| Publieke Voordeel Organisasie eiendom (PBO) | 1: 0.001903 (100% korting) |
| Publieke Diens Doeleindes eiendom (staat) | 1: 0.010737 |
| Residensiële Vakante eiendom | 1: 0.010341 |

### UITSLUITINGS, VERMINDERINGE EN KORTINGS

**Residensiële Eiendomme:** Die munisipaliteit vorder nie belasting op die eerste R150 000 vandie markwaarde van die eiendom. Die R150 000 sluit in die R15 000 statutêre ontoelaatbare belasting soos per gedeelte 17(1)(h) van die Munisipale Eiendomsbelasting Wet.

**Kortings ten opsigte van n eiendoms kategorie per eienaar is soos volg:**

Deernis eienaars
Lae inkomste eienaars
Eienaars afhanklik van Pensioen en Sosiale Voordele vir hul bestaan.

Volledige besonderhede van die Raadsbesluit en kortings, vermindering en uitsluitings spesifiek vir elke kategorie van eienaars van eiendomme, of die eienaars van 'n spesifieke kategorie van eiendomme, soos bepaal deur kriteria in die Munisipaliteit se Belastingbeleid is beskikbaar vir inspeksie by die Munisipale kantore, op die Munisipale webwerf (www. georgemun.gov.za) en alle openbare biblioteke.

## B. VERBRUIKERSTARIEWE EN MUNISIPALE BELASTING (UITGESLUIT EIENDOMSBELASTING)

Ingevolge artikel 75A(1)(a) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) en Artikel 12 van die Wet op Munisipale Fiskale Magte en Funksies, 2007 (Wet Nr 12 van 2007) die volgende:

### 1. ELEKTRISITEIT- EN WATERTARIEWE

Verhoogde elektrisiteitstariewe 14.59% (onderhewig aan finale goedkeuring vanaf NERSA) en watertariewe (6%) sal vanaf 1 Julie 2021 van toepassing wees.

### 2. ANDER HEFFINGS, GELDE EN TARIEWE

Verhoogde tariewe vir riool (6%), vullisverwydering (4.5%) en ander dienste (2%) gelewer of verskaf sal vanaf 1 Julie 2021 van toepassing wees.

## C. GOP DOKUMENT, BEGROTINGSDOKUMENT EN TARIEFLYS

Verdere relevante GOP en Begroting inligting saam met die voorlopige tarieflys is beskikbaar op die webwerf - www.george.gov.za en skakels na die betrokke dokumente sal op al die munisipale sosiale mediakanale, insluitend Facebook, Twitter en die munisipale app, geplaas word.

## D. KONSEP HERSIENE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN: 2021/2022 BOEKJAAR

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) saamgelees met Artikel 22 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) dat die Konsep GOP (2021/2022) sowel as die Begroting beskikbaar is vir insette deur alle belangstellende partye.

Die Raad van George Munisipaliteit nooi alle lede van die gemeenskap uit om voor of op 30 April 2021 kommentaar te lewer of skriftelike insette te stuur ten opsigte van die Konsep GOP en Begroting.

Persone wat 'n elektroniese afskrifte van die dokumente vir beoordeling wil ontvang, kan per e-pos navrae rig aan die amptenare wat hieronder aangedui word.
Enige persoon wat graag mondelinge vertoë wil rig of hulp benodig kan die GOP en Begroting Kantore raadpleeg by die Munisipale Kantore, Yorkstraat, George.

Verdere navrae kan gerig word aan die volgende persone:

| GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN | |
|---|---|
| **Amptenaar** | **Kontak besonderhede** |
| Me R Le Fleur | **Tel:** (044) 801 9075<br>**Epos:** rlefleur@george.gov.za |
| **WYKSKOMITEES** | |
| Mev P Saaiman | **Tel: 044 801 9074**<br>**Epos:** pasaaiman@george.gov.za |
| **BEGROTING** | |
| Mev C Jansen van Vuuren | **Tel:** (044) 801 90<br>**Epos:** cejansenvanvuuren@george.gov.za |

Skriftelike korrespondensie moet gerig word aan:

Die Munisipale Bestuurder

Posbus 19, George, 6530

*Verwysing: 2021/2022 GOP / Begroting*

**DR M GRATZ**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
**Yorkstraat 71**
**GEORGE**
**Tel: (044) 801 9111**